BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 FEBRUARIE 2011 OM 10:05 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A de Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee

ANDER RAADSLEDE

Rdl D Mbabane [OD]

AMPTENARE:
Munisipale Bestuurder / Municipal Manager
Direkteur Administratiewe Dienste / Director Administrative Services
Direkteur Finansiële Dienste / Director Financial Services
Direkteur Gemeenskapsdienste (wnd) / Director Community Services (acting)
Direkteur Tegniese Dienste (wnd) / Director Technical Services (acting)
Strategiese Bestuurder / Strategic Manager
Interne Ouditeur / Internal Auditor
Senior Klerk : Komiteedienste / Senior Clerk :Committee Services

1. OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME

Die Voorsitter open die vergadering met gebed, waarna hy almal by die vergadering verwelkom.

2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)

Mnr D Lambrechts - verlof

3. VERKLARING VAN BELANGE KRAGTENS PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)/DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)

- Geen / None

4.1 BEKRAGTIGING EN BESPREKING VAN NOTULES / CONFIRMATION AND DISCUSSION OF THE MINUTES (3/3/2/2)

4.1.1 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 30 NOVEMBER 2010 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 30 NOVEMBER 2010 (3/3/2/2)

BK 3404 **BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op Dinsdag 30 November 2010, bekragtig word.

4.1.2 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 13 DESEMBER 2010 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 13 DECEMBER 2010 (3/3/2/2)

BK 3405 **BESLUIT**

Dat die notule van die spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op Maandag 13 Desember 2010, bekragtig word.

4.1.3 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 13 JANUARIE 2011 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 13 JANUARY 2011 (3/3/2/2)

BK 3406 **BESLUIT**

Dat die notule van die spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op Donderdag 13 Januarie 2011, bekragtig word.

4.1.4 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 27 JANUARIE 2011 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 27 JANUARY 2011 (3/3/2/2)

BK 3407 **BESLUIT**

Dat die notule van die spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op Donderdag 27 Januarie 2011, bekragtig word.

4.1.5 BEKRAGTIGING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP 8 FEBRUARIE 2011 / CONFIRMATION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETING HELD ON 8 FEBRUARY 2011 (3/3/2/2)

BK 3408 **BESLUIT**

Dat die notule van die spesiale vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gehou op Dinsdag 8 Februarie 2011, bekragtig word.

4.2 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES / MATTERS ARISING FROM PREVIOUS MINUTES (3/3/1/3)

- Geen / None

5. VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6)

Die Voorsitter doen die volgende verklarings/mededelings, naamlik:

5.1 dat genoegsame parkering vir munisipale personeel voorsien moet word en dat die aangeleentheid met betrekking tot die inbeslagneming van parkering deur die SAPD uitgeklaar moet word;

5.2 dat die Provinsiale Minister van Menslike Nedersettings 'n toekenning van R10 miljoen gemaak het vir die topstruktuur vir 108 wooneenhede vir Piketberg behuisingsprojek;

5.3 dat die Provinsiale Minister van Menslike Nedersettings 24 wendyhuise beskikbaar stel vir die inwoners van Blok F, terwyl restourasie gedoen word en na voltooiing aan Wittewater beskikbaar gestel word;

5.4 dat die Provinsiale Minister van Menslike Nedersettings onderneem het om met Asla-Devco in gesprek te tree met betrekking tot die invordering van R2 479-00 van die Noordhoek behuisingsprojek en versoek dat die Munisipale Bestuurder 'n skrywe in hierdie verband aan die betrokke Minister rig; en

5.5 hy versoek dat die raad en administrasie ten alle tye 'n positiewe ingesteldheid sal handhaaf met betrekking tot hul oorsigrol en basiese pligte, deur raadsbesluite stiptelik uit te voer.

6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)

- Geen / None

7. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

7.1 DRAFT : ENTERPRISE RISK MANAGEMENT POLICY (2/B)

(A commutative report was tabled)

BK 3409 RESOLVED TO RECOMMEND

That the revised Risk Management Policy for Bergrivier Municipality be approved by council.

7.2 RISK MANAGEMENT IMPLEMENTATION PLAN : 2010/2011 FISCAL YEAR (2/B)

(A commutative report was tabled)

BK 3410 RESOLVED

1. That the updated Risk Management Plan for the 2010/2011 financial year be approved; and

2. That the Municipal Manager report quarterly to council regarding risk management.

Die vergadering verdaag om 10:55 en hervat om 11:10

7.3 **AANSOEK OM VOORGESETTE LIDMAATSKAP : MEDIESE FONDSE (4/2/B; 4/5/2/6)**
(Sien notulering by item 8.2.9)

7.4 **WYSIGING : LYS VAN EIENDOMME GEÏDENTIFISEER VIR KORTTERMYN VERKOPE (7/2/3/1)**
(Die verslag word in die vergadering versprei)

BK 3411 **BESLUIT**

1. Dat die lys van eiendomme geïdentifiseer vir korttermyn verkope gewysig word om Erf 3292, Piketberg, uit te sluit;

2. Dat BK 3361 van 17 November 2010 gewysig word, deurdat eiendomme op die lys vir korttermyn verkope weerhou kan word, indien nuwe munisipale behoeftes ontstaan waarvoor dit aangewend kan word; en

3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste dienooreenkomstig skriftelik verwittig word met betrekking tot wysigings aan die lys van eiendomme geïdentifiseer vir korttermyn verkope.

8. AFDELING A: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

8.1 AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

8.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

8.2.1 AANSOEK OM AFWYKING : ERF 3043, PIKETBERG (PB 3043)

BK 3412 BESLUIT

1.1 Dat die Raad, ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), 'n tydelike afwyking **goedkeur** (twee jaar tydperk) vir die bedryf van 'n huiswinkel vanuit 'n goedgekeurde tydelike struktuur op Erf 3043, Piketberg onderhewig daaraan dat geen bederfbare goedere verkoop mag word nie of 'n geskiktheidsertifikaat uitgereik word deur Weskus Distriksmunisipaliteit;

1.2 Dat parkeerruimtes en op- /aflaaisone op die terreinplan aangedui word en tesame met die bouplanne ingedien word vir evaluering;

2.1 Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir afwyking van Erf 3043, Piketberg se syboulyn vanaf 3m na 0m, soos van toepassing op die grens gemeenskaplik met Erf 3042, Piketberg **goedgekeur** word;

2.2 Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir afwyking van Erf 3043, Piketberg se straatboulyn vanaf 2m na 0m, **afgekeur** word, aangesien die afwyking 'n negatiewe impak sal hê op voetgangerverkeer en sodoende die veiligheid en welsyn van die gemeenskap negatief kan beïnvloed; en

2.3 Dat die huiswinkel deur die erfeienaar bedryf word.

8.2.2 AANSOEK OM AFWYKING : ERF 633, LAAIPLEK (L 633)

Na 'n lang debat word die onderstaande besluit geneem.

BK 3413 BESLUIT

1. Dat die aansoek afgekeur word na aanleiding van die gemeenskapsproblematiek en kriminaliteit wat met drankmisbruik gepaard gaan;

2. Dat geen verdere aansoeke vir die verkope van drank deur tavernes, sjebeens, of vermaaklikheidsplekke in woonbuurte, deur die Raad oorweeg sal word nie; en

3. Dat punt 2 hierbo in die media (plaaslike koerante) gepubliseer word.

8.2.3 **AANSOEK OM ONDERVERDELING : ERF 722, REDELINGHUYS (RDH 722)**

BK 3414 BESLUIT

Dat die aansoek ingevolge artikel 25 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir onderverdeling van Erf 722 Redelinghuys in drie gedeeltes naamlik Gedeelte A (±1612m²), Gedeelte B (±1865m²) en Restant (±1612m²) vir residensiële doeleindes **goedgekeur** word, op voorwaarde dat:

1. die onderverdeelde gedeeltes van afsonderlike water-, riool-, elektrisiteitsaansluiting asook toegang voorsien word; en

2. dienstebydraes, soos bepaal in die munisipale begroting, moet per erf wat addisioneel deur onderverdeling tot stand kom betaal word alvorens registrasie van die eerste eenheid plaasvind, daarbenewens moet enige uitbreiding van bestaande hooflyndienste, as gevolg van 'n bykomende las, op eie koste deur die applikant gedoen word soos onderhandel en ooreengekom tussen die applikant en die munisipaliteit se Direktoraat Tegniese Dienste.

8.2.4 **AANSOEK OM HERSONERING EN AFWYKING : ERF 2216, PIKETBERG (PB 2216)**

BK 3415 BESLUIT

1. Dat die aansoek ingevolge artikel 17 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir hersonering van Erf 2216, Piketberg vanaf Sentrale Besigheidsone na Algemene Residensiële Sone ten einde die bestaande gebou in drie woonstelle om te skakel, **goedgekeur** word, onderhewig daaraan dat dienstebydraes, soos bepaal in die munisipale begroting, per eeenheid wat addisioneel tot stand kom betaal word, daarbenewens moet enige uitbreiding/opgradering van dienste, as gevolg van 'n bykomende las, op eie koste deur die applikant gedoen word soos onderhandel en ooreengekom tussen die applikant en die munisipaliteit se Direktoraat Tegniese Dienste; en

2. Dat die aansoek ingevolge artikel 15 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vir afwyking ten opsigte van grondgebruiksbeperkings soos uiteengesit vir Algemene Residensiële Sone ingevolge die Piketberg Soneringskema, 1987, soos uiteengesit in onderstaande tabel **goedgekeur** word:

Item	***Grondgebruiksbeperking ingevolge die skema***	***Afwyking goedgekeur***
Minimum grootte Terrein	1000m²	388m²
Maksimum dekkingsoppervlak	33.3%	50% (onderdak parkering uitgesluit)
Boulyne: Straat	8m	0m
Boulyne: Kant	4,5m (of helfte van die hoogte van die gebou, wat ook al die grootste is)	0m

8.2.5 **APPLICATION FOR ESTABLISHMENT OF BOTANICAL GARDEN : ERF 354, PIKETBERG (PB 354)**

BK 3416 RESOLVED

That the Directorate Administrative Services (Department Planning and Development) be authorised to proceed with the appointment of an historian and archaeologist approved by SAHRA, with relevant qualifications, experience and professional standing in heritage resources management to compile an Heritage Impact Assessment (HIA) in terms of the National Heritage Resources Act, No. 25 of 1999, with regards to the proposed botanical garden on Erf 354, Piketberg and the mentioned department also be authorised to incur the expenses against its Professional Services budget during the current financial year.

8.2.6 **APPLICATION FOR REZONING AND SUBDIVISION : ERF 374, VELDDRIF (V 374)**

BK 3417 RESOLVED

1. That the application in terms of section 17 and 25 of the Land Use Planning Ordinance (Ordinance 15 of 1985) for the Rezoning of the property from Residential Zone I to Residential Zone III as well as the subdivision of Erf 374, Velddrif (Town House Site) into two portions namely Portion 1 ± 420m² and Portion 2 ± 420m² be **approved** subject to:

1.1 the provision of the two created portions with separate water, sewerage, electricity as well as access;

1.2 that the site development plans of the proposed development on Erf 374, Velddrif be revised to confirm to the relevant title deed restriction relating to the 1,57m side building line, and be submitted together with the building plans for evaluation and submitted for approval; and

2. That the constitution of the Maison-On-Voortrekker Homeowner's Association, applicable to the development on Erf 374, Velddrif, as compiled in terms of section 29 of the Land Use Planning Ordinance (Ordinance 15 of 1985) be **approved** and compulsory membership for all owners of the Town Houses must be ensured by means of a restrictive title deed condition in the title deed of the Town House erven created within the development.

8.2.7 **APPLICATION FOR REZONING, DEPARTURE AND CONSENT USE : ERF 3274, PIKETBERG (PB 3274)**

After a long discussion the following resolusion was made.

BK 3418 RESOLVED

1. That the item be held in abeyance, following further information/explanation regarding the extent and implications of the application; and

2. That a township development plan for Piketberg be tabled as soon as possible and, at a later stage, in respect of the other towns.

8.2.8 **VERSLAG AAN DIE FINANSIËLE, TEGNIESE, ADMINISTRATIEWE EN GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEES : MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUUR-STELSELMONITERING (4/7/6)**

BK 3419 BESLUIT

Dat alle Portefeuljekomitees kennis neem dat die relevante Direkteur of Hoof die maandelikse SDBIP verslag aan die komitee sal voorlê vir bespreking ten opsigte van korrektiewe aksies, waar nodig.

8.2.9 **AANSOEK OM VOORTGESETTE LIDMAATSKAP : MEDIESE FONDSE (4/2/B; 4/5/2/6)**

('n Bykomende verslag wat met hierdie aangeleentheid verband hou, word dringend ter tafel gelê en ook oorweeg)

BK 3420 BESLUIT

1. Dat alle afhanklikes van 'n hooflid wat aan 'n mediese fonds behoort het en uit diens getree het weens pensioen, vervroegde aftrede en mediese ongeskiktheid **of** wat in diens tot sterwe kom, tot op datum hiervan, die keuse het om as voortgesette lede te kan aanbly en dat die werkgewer 70% van die totale maandelikse premie subsidieer en die lid 30%;

2. Dat geleentheid aan Me Theron gebied word om, indien die mediese fonds reëls dit toelaat, vanaf 1 Januarie 2011 as voortgesette lid, weer aan te sluit;

3. Dat die aangeleentheid met betrekking tot die agterstallige persoonlike bydraes ten opsigte van voortgesette lidmaatskap van Mnre MJ Myburgh, PJ Theart en JA Diergaardt (asook ander, indien toepaslik) administratief hanteer word, deurdat hulle ondermeer in kennis gestel word dat hulle voortgesette lidmaatskap opgeskort word, indien hulle agterstallige premies nie voor einde Februarie 2011 betaal is nie; en

4. Dat die Direkteur Finansiële Dienste dringend 'n verslag voorlê met betrekking tot die toepassing van die kredietbeheerbeleid in hierdie verband met verwysing na die aanbevole en ander beheermaatreëls, bepalings van die mediese fondsreëls, ensovoorts.

8.2.10 **ADVANCED LAW ENFORCEMENT TRAINING : FINAL REPORT (4/4/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.11 **PROSES VAN RISIKO IDENTIFISERING : JULIE TOT DESEMBER 2010 (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.12 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 19 OKTOBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.13 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT ADMINISTRATIEWE DIENSTE: BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 17 NOVEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.14 **WATER : STAND VAN DAMME IN OPVANGSGEBIED : 1 NOVEMBER TOT 22 DESEMBER 2010 (9/1/2; 16/1/2)**

BK 3421 BESLUIT

Dat Porterville dam bygevoeg word by die statistiek met betrekking tot die stand van damme in die munisipale opvangsgebied.

8.2.15 **KWARTAALLIKSE DELEGASIEVERSLAG : DERDE KWARTAAL: AREABESTUURDER : PORTERVILLE (2/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.16 **WATERKWALITEITSMONITERING (16/1/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.17 **BYKOMENDE WATERBRONNE OP PORTERVILLE (STAANDE ITEM) (16/1/1)**

BK 3422 BESLUIT

1. Dat die Begroting en Tariewe van die Watermoniteringskomitee verwys word na die Begrotingsloodskomitee;

2. Dat die Grootmaat Dienstebydraes van Ontwikkelaars gevorder en oorbetaal word aan die Watermoniteringskomitee;

3. Dat die konstruksie van ‘n hoofwatertoevoerpyplyn na Porterville op die Kapitaalbegroting van die Watermoniteringskomitee geplaas word; en

4. Dat indringend gekyk word na die waterverbruik by Porterville Gholfbaan en die toekomstige aanwending daarvan.

8.2.18 **VERSLAG RAKENDE ROOIBAAI : TOEGANG EN BEHEER (17/13/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.19 **EENDEKUIL : AALWYN VERFRAAIINGSPROJEK (17/6/1)**

BK 3423 BESLUIT

1. Dat die raad die Aalwyn verfraaiingsprojek : Bergrivier (Eendekuil) in beginsel goedkeur;

2. Dat Bergrivier (Eendekuil) ‘n Groener Eendekuil Komitee op die been bring om die projek te help dryf;

3. Dat die terreine wat deur die Groener Eendekuil Komitee identifiseer word vir aanplantings deur die Tegniese personeel, goedgekeur word, sodat munisipale dienste beskerm word;

4. Dat die raad bystand verleen met kundigheid en ook die projek koördineer en bestuur; en

5. Dat die raad ook arbeid en vervoer verskaf binne die Bedryfsbegroting om die projek, op munisipale grond, te ondersteun.

8.2.20 **TWYFEL OOR DIE INSTELLING VAN "REDS" : BERIG DEUR SAKE24 (16/2/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.21 **VERSLAG VAN DIE FINANSIËLE, TEGNIESE, ADMINISTRATIEWE EN GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEES : MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUUR-STELSELMONITERING (4/7/6)**

(Sien BK-besluit by item 8.2.8)

8.2.22 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 19 OKTOBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.23 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT TEGNIESE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 17 NOVEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.24 **MAANDVERSLAE : DEPARTEMENT TEGNIESE DIENSTE : 16 OKTOBER 2010 TOT 15 JANUARIE 2011 (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.25 **BRANDSTOF (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.26 **KAPITAALPROGRAM (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE SE MAANDVERSLAG : OKTOBER 2010) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.27 **KAPITAALPROGRAM (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE SE MAANDVERSLAG : NOVEMBER 2010) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.28 **SLOPING VAN UITGEDIENDE EN ONBENUTTE GEBOU VAN ONGEVEER 20M² BY DIE MINI-SUBSTASIE OP ERF 1015, SIMON VAN DER STELSTRAAT, PIKETBERG (15/4/3)**

BK 3424 BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende gebou van ongeveer 20m² by die mini-substasie en omheining op Erf 1015, Simon van der Stelstraat, Piketberg gesloop mag word, aangesien die vervangende mini-substasie reeds geïnstalleer is en in werking is, die gebou onooglik is, misbruik word en nie verder benodig word vir die lewering van basiese noodsaaklike munisipale dienste nie.

8.2.29 **KAPITAALPROGRAM (UITTREKSEL UIT FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE SE MAANDVERSLAG : DESEMBER 2010) (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.30 **ADVERTENSIE : POS VAN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (4/3/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.31 **GROOTMAAT WATER : WATERMONITERINGSKOMITEE : WOENSDAG 26 JANUARIE 2011 (16/1/2)**

AANBEVELING

(Sien BK-besluit by item 8.2.17)

8.2.32 **BESTUUR VAN STORTINGSTERREINE (16/6/1)**

BK 3425 BESLUIT

Dat 'n verslag met betrekking tot die beheer en bestuur van stortingsterreine met spesifieke aanbeveling aan die Tegniese Dienste Komitee voorgelê word.

8.2.33 **HERWINNING BY VERSAMELPUNTE (16/6/1)**

BK 3426 BESLUIT

1. Dat die bestuur van die Tegniese Dienste Direktoraat die vergadering met betrekking tot herwinning by versamelpunte op 9 Februarie 2011 bywoon; en

2. Dat 'n verslag met betrekking tot herwinning aan die Tegniese Dienste komitee voorgelê word.

8.2.34 **WATERVERLIESE (16/1/1)**

BK 3427 BESLUIT

Dat 'n verslag met betrekking tot waterverliese deur die Interne Ouditeur in samewerking met die Ingenieursafdeling aan die Tegniese Dienste komitee voorgelê word.

8.2.35 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE : OKTOBER 2010 (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.36 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE: NOVEMBER 2010 (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.37 **MAANDVERSLAG : DEPARTEMENT FINANSIËLE DIENSTE : DESEMBER 2010 (9/1/2)**

BK 3428 BESLUIT

1. Dat die moontlikheid ondersoek word, tydens die hersiening van die kredietbeheerbeleid, om agterstallige rekeninge ouer as 90 dae op die kredietburo te registreer, deur gebruik te maak van 'n eksterne diensverskaffer; en

2. Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n skrywe plaas by die diensterekeninge vir Februarie 2011 met betrekking tot aansoeke en prosedure vir deernistoelae.

8.2.38 **OPSOMMING VAN GEDELEGEERDE BEVOEGDHEDE : AREABESTUURDER : PIKETBERG (2/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.39 **AFSKRYF VAN ONINBARE SKULD (5/19)**

BK 3429 BESLUIT

1. Dat die rekeninge as oninvorderbaar afgeskryf word; en

2. Dat die huidige bedrag ter sprake, wat R31 902-81 beloop, plus enige verdere renteheffings afgeskryf word, aangesien dit nie vorderbaar is nie.

8.2.40 **RAADSLEDE OPLEIDINGS- ASOOK REIS- EN VERBLYFSUITGAWES (4/4/1)**

KENNIS GENEEM

8.2.41 **INSTITUUT VIR MUNISIPALE FINANSIËLE BEAMPTES KONFERENSIE : 4 TOT 6 OKTOBER 2010 (12/2/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.42 **MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUURSTELSELMONITERING (4/7/6)**

(Sien BK-besluit by item 8.2.8)

8.2.43 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT FINANSIËLE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 19 OKTOBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.44 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT FINANSIËLE DIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 17 NOVEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.45 **BIODIVERSITEITSWERKSWINKEL : FEBRUARIE 2011 (11/3/4)**

BK 3430 BESLUIT

Dat die Munisipale Bestuurder ‘n volledige verslag voorlê met betrekking tot die biodiversiteitswerkswinkel wat op Velddrif plaasgevind het.

8.2.46 **BEHUISING : PIKETBERG 332 ERWE : DEELNEMERS EN KONTANTVLOEI (15/2/2/25)**

BK 3431 BESLUIT

1. Dat die lys van voornemende deelnemers met betrekking tot die behuisingsprojek : Piketberg aanvaar word; en

2. Dat die moontlikheid ondersoek word om die behuisingstoekenningskriteria te hersien.

8.2.47 **BOUBEHEER : FLAMINKEVLEI : REGSAKSIE (15/4/3)**

BK 3432 BESLUIT

Dat voortgegaan word met die regsaksie soos besluit in BK 1970, gedateer 12 Junie 2007, in samewerking met die Departemente Waterwese en Omgewingsake.

8.2.48 **ZUURVLAKTE : SPORTGRONDE (STAANDE ITEM) (17/7/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.49 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 19 OKTOBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.50 **AFHANDELING VAN BESLUITE : DIREKTORAAT GEMEENSKAPSDIENSTE : BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING : 17 NOVEMBER 2010 (STAANDE ITEM) (3/3/1/3)**

KENNIS GENEEM

8.2.51 **VERSLAG AAN DIE FINANSIËLE-, TEGNIESE-, ADMINISTRATIEWE- EN GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEES: MAANDELIKSE PRESTASIEBESTUUR-STELSELMONITERING (4/7/6)**

(Sien BK-besluit by item 8.2.8)

8.2.52 **MOUNT PIQUET : WINGERDKANONNE (13/4/2/4)**

BK 3433 **BESLUIT**

Dat die Departement Omgewingsake uitsluitsel gee met betrekking tot die uitwerking/aanwending van wingerdkanonne op Mount Piquet, voordat ‘n magtigingsbrief uitgereik word.

8.2.53 **SDBIP : GEMEENSKAPSDIENSTE (9/1/2)**

KENNIS GENEEM

8.2.54 **WEST COAST HOUSING TASK TEAM : INSTALLERING VAN SONENERGIE VERWARMERPANELE (3/3/1/5)**

BK 3434 **BESLUIT**

1. Dat West Coast Housing Task Team : Installering van sonenergie verwarmerpanele as ‘n staande item op die agenda van die Gemeenskapsdienste gelys word;

2. Dat ‘n afvaardiging van West Coast Housing Task Team ‘n vorderingsverslag aan die Gemeenskapsdienste Komitee voorlê; en

3. Dat die Portefeuljevoorsitter (Gemeenskapsdienste Komitee), Direkteur Gemeenskapsdienste en Adjunk-Hoof : Behuising alle vergaderings van Tassol bywoon.

8.2.55 **NOORDHOEK BEHUISINGSPROJEK : INBETALING (15/2/2/24)**

BK 3435 **BESLUIT**

Dat die aangeleentheid met betrekking tot die inbetaling van R2 479-00, rakende die behuisingsprojek (Noordhoek), verwys word na die Finansiële Dienste komitee vir afhandeling.

8.2.56 **PORTERVILLE : BIBLIOTEEK-URE (17/3/4)**

BK 3436 **BESLUIT**

Dat die item oorstaan vir bespreking by die volgende Gemeenskapsdienste komitee se vergadering.

8.2.57 **PORTERVILLE : BUSINESS HUB (17/4/5)**

BK 3437 **BESLUIT**

Dat die item oorstaan vir bespreking by die volgende Gemeenskapsdienste komitee se vergadering.

8.3 VERSLAE VAN DIE WYKSKOMITEES AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER TER OORWEGING / REPORTS FROM THE WARD COMMITTEES FOR CONSIDERATION BY THE EXECUTIVE MAYOR

- Geen / None

8.4 NOTULES VAN DIE VERGADERINGS VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VOORGELÊ VIR KENNISNAME DEUR DIE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE BID ADJUDICATION COMMITTEE TABLED TO THE MAYORAL COMMITTEE FOR INFORMATION

- Geen / None

9. <u>AFDELING B : IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION C : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)</u>

9.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD/RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

- Geen / None

9.2 BESLUITE VAN DIE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS / RESOLUTIONS OF THE MAYORAL COMMITTEE IN TERMS OF DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

- Geen / None

9.3 NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERINGS VIR OORWEGING EN KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE TRAINING COMMITTEE MEETINGS TABLED TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION / INFORMATION

- Geen / None

9.4 NOTULE VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERINGS VIR OORWEGING/ KENNISNAME DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / MINUTES OF THE LOCAL LABOUR FORUM MEETINGS TO THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE FOR CONSIDERATION/INFORMATION

- Geen / None

DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:20

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE

_____ _____

VOORSITTER ***DATUM***
(UITVOERENDE BURGEMEESTER)